te herstel. Blykbaar het die Potchefstromers die doel van Pretorius se vergadering nie goed begryp nie. Hy wou hom nie oor hulle tot kommandant-generaal, naas of oor Potgieter verhef nie, maar het, volgens McCabe, slegs hulle ondersteuning probeer wen indien hy 'n poging sou aanwend om Natal van die Engelse te ontneem, en in so 'n geval sou hy ~~as~~ vanselfsprekend as kommandant-generaal opgetree het. Miskien het Pretorius in sy hulp aan die Vrystaters al die voorloper van die herowering van Natal gesien. Die anneksasie van Natal was vir hom 'n bittere teleurstelling en

> "die verlore Natal (sou hy) tot sy sterwensdag nie kon vergeet nie." 125)

In hierdie lig moet Pretorius se optrede gesien word.

8. Pretorius kom met Potgieter in botsing.

Die beleid wat Pretorius na die Slag van Boomplaas voorgestaan het, naamlik om 'n onafhanklike Trekkerstaat in die lewe geroep te kry deur met Engeland te onderhandel en van hulle 'n onafhanklikheidserkenning te verkry, het hom baie gou met Potgieter, wat homself nog altyd as staatshoof en bestierder van die Transvaalse Republiek (met inbegrip van Winburg) gehandhaaf het, in botsing gebring. Potgieter wou niks met die Engelse te doen gehad het nie want hy het nog altyd dieselfde bely as wat hy in 1838 aan die Kaapse Goewerneur geskrywe het, naamlik dat hulle vrye burgers was wat kon gaan waar hulle wou, net soos alle volke vry is en gaan waar hulle wil.[126)] Dit was dan ook ten opsigte van hierdie buitelandse beleid waar die groot verskil tussen Potgieter en Pretorius geleë was, en nie, soos dikwels beweer word, dat hulle verskillende opvattinge in verband met die kwessie van staatshoofskap gehuldig het nie.[127)] Daarom was Potgieter gekant teen Pretorius se inmenging in die sake van die Oranjerivier-soewereiniteit,[128)] en het hy hom ná die vergadering wat Pretorius op 21 Februarie 1848 te Mooirivier gehou het, daarheen gehaas om sy persoonlike invloed daar te gaan

---

125) Krüger: a.w., bl.112. Vgl. ook V.R.37/48: Pretorius aan Ohrigstadse Volksraad, d.d. 4 Januarie 1848. (S.A.Argiefstukke , Tvl., no.1, bylaag 1/1848, bll. 242-243).

126) R.20/38, (kyk hierbo, bl.91, voetnoot 1).

127) Vgl. Krüger: a.w., bll.112-113.

128) Kyk hierbo, bl.123, voetnoot 115.

herwin en te laat geld om sodoende 'n gewapende verset teen Engeland te probeer voorkom. Vanaf Potchefstroom het hy ook 'n brief aan sir Harry Smith geskrywe in verband met die insluiting van Winburg in die geannekseerde gebied, en noem hy homself

"een waare beminnaaer van vreede."[129]

Op die vergadering wat deur Potgieter te Potchefstroom gehou is, was o.a. ook Andries Pretorius teenwoordig, wat saam met kommandant Gert Kruger en twaalf ander die brief aan Smith mede-onderteken het. Smith word heel nederig versoek om die Winburg-gebied nie te annekseer nie, maar om dit soos voorheen onder hulle bestuur te laat, 'n nederigheid wat toegeskryf kan word aan Potgieter se invloed en sy afkeer van enige inmenging.[130]

Aangesien Potgieter hom met Smith in verbinding gestel het, het laasgenoemde van die geleentheid probeer gebruik maak om Potgieter ook binne sy net te betrek[131] en het hy hom uitgenooi om na Winburg te kom om sake met hom te bespreek en om enige invloedryke manne na die samespreking saam te bring.[132] Daarop het Potgieter geantwoord dat sy gesondheid hom nie toelaat om so ver te reis nie en vra hy of dit nie vir Smith of sy verteenwoordiger moontlik sou wees om na Vaalrivier te kom nie.[133] Hierdie onderhoud het teen die einde van November plaasgevind tussen Potgieter en Smith se verteenwoordiger, Southey. Smith se poging om vir Potgieter met aanloklike aanbiedinge van leierskap om te koop, het nie geslaag nie en Potgieter het onomwonde te kenne gegee dat as Smith die gebied annekseer, hy liewer verder sou trek totdat 'n stukkie grond gevind word waarop hulle vry kon woon. Southey het egter aan hom meegedeel dat die gebied slegs tot aan Vaalrivier geannekseer is,

---

129) R.141/48: Potgieter aan sir Harry Smith, d.d. 15 Mei 1848. (Voortrekker-argiefstukke, bll.316 - 318).

130) Wichmann: a.w., bl.75.

131) R.143/48: Smith aan Potgieter, d.d. 22 Junie 1848. (Voortrekker-argiefstukke, bll.330-331).

132) R.150/48: Smith aan Potgieter, d.d. 2 Sept. 1848. (Ibid., bl.335).

133) R.158/48: Potgieter aan Smith, d.d. 13 Nov.1848. (Ibid., bll.341-343).

en daarmee was Potgieter tevrede.[134]

9. Toenadering tussen Potgieter en Volksraad.

Nadat hy en sy volgelinge na Zoutpansberg verhuis het, het Potgieter vir meer as 'n jaar daar gebly voor weer toenadering met die Ohrigstadters gesoek is.[135] Sy wegtrek na Zoutpansberg het vir Potgieter egter nie die einde van sy hoofkommandant- en bestierderskap oor die Transvaalse Trekkergemeenskap beteken nie, soos o.a. blyk uit sy optrede teen die pogings tot gewapende verset van Pretorius. Vanuit Zoutpansberg het hy 'n aartsvaderlike bestuur gehandhaaf, hoewel dit in die praktyk feitlik net vir sy eie nedersetting van belang was.[136] In verband met die handel in gewere en ammunisie het hy die monopolie vir homself toegesien en eers as hy in sy behoeftes voorsien gehad het, kon die ander mense met die smouse handel dryf. Die welsyn van die mense was vir hom 'n persoonlike saak, net soos dié van kinders 'n persoonlike saak vir hulle vader is. As staatshoof het hy met Silkaats die nodige onderhandelinge gevoer toe laasgenoemde, kort na Potgieter se aankoms in Zoutpansberg, gesante gestuur het om 'n vredes- en vriendskapsverdrag te sluit, en op 7 Januarie 1848 rig hy en sy volgelinge vanaf Spekboomsrivier 'n brief aan die Ohrigstadse Volksraad waarin laasgenoemde belet word om 'n oorlog teen Silkaats te onderneem.[137] In dieselfde brief word die Volksraad ook verbied om enige plase behorende aan lede van die weggetrokke Potgieterparty te verkoop, soos hulle blykbaar gedoen het. Met die Engelse sendelinge het hy onderhandel en aan hulle

---

134) R.162/48: Potgieter aan Smith, d.d. 30 Nov.1848; R.163/48: Southey aan Potgieter, d.d. 29 Des.1848. (Voortrekker-argiefstukke, bll.346-348 en 349-350 onderskeidelik). Kyk ook Krüger: a.w., bl.113 vir die onderhandelinge tussen Smith en Potgieter, en Potgieter en Theunissen: a.w., bll.191-202; Wichmann: t.a.p., bll.74-76 en 80-83.

135) Wichmann: a.w., bl.64.

136) I.v.m. Potgieter se verblyf in Zoutpansberg, kyk Potgieter en Theunissen: a.w., hoofstuk XIX. In Zoutpansberg was volgens die Herinneringe van A.H.Potgieter jnr. geen Volksraad nie. (Preller: Voortrekkermense III, bl.56).

137) V.R.38/48: Potgieter e.a. aan Ohrigstadse Volksraad, d.d. 7 Jan.1848. (S.A.Argiefstukke, Tvl, no. 1, bylaag 2/1848, bl.244).

gesê wat hy van hulle verwag,[138] terwyl hy teen die Engelse owerheid altyd op sy hoede was deur so gereeld as moontlik 'n nuusverbinding met die Kaapkolonie te onderhou.[139] Hy het ook namens die Magaliesbergse en Mooirivierse publiek opgetree tot hy in November 1848 'n bevelskrif aan landdros H.S.Lombaard uitgereik het, waarin strenge maatreëls neergelê is teen handelaars wat die Republiek uit Engelse gebiede binnekom.[140] Naturellesake het hy in eie hande geneem en die Republiek op so 'n wyse daarin verteenwoordig dat die naam van Potgieter, nie alleen as 'n gevreesde naam nie, maar in baie gevalle as 'n geëerde naam, selfs lank na sy dood, onder die naturellestamme bly voortleef het.[141]

Intussen het die Volksraad in Ohrigstad ook van die standpunt uitgegaan dat hulle die regering van die hele Republiek in hulle hande gehad het, hoewel hulle maar 'n sukkelende bestaan gevoer en nie juis veel uitgerig het nie, soos blyk by die deurlees van die Volksraadsnotule van 1848.[142] Intussen het die gevoelens wat hulle teen Potgieter en sy hoofbestierderskap gekoester het, geleidelik begin afkoel omdat hulle nie meer in so 'n direkte aanraking met hom was nie, maar dit het nie heeltemal verdwyn nie.[143]

Teen die einde van 1848 het politieke sake, en daarmee ook die kwessie van 'n staatshoof vir die Transvaalse Republiek meer gekompliseerd geraak. Die toestand was kortliks as volg. Die Volksraadsparty, onder leiding van Burger en H.T.Bührmann[144] het hulle nog steeds vanuit Lydenburg beywer om die bewindsteuels vir hulle te verseker. In Zoutpansberg was daar Hendrik

---

138) Potgieter en Theunissen: a.w., bl.209.

139) Ibid.

140) R.161/48: Bevelskrif van Potgieter aan landdros Lombaard, d.d. Nov.1848. (Voortrekker-argiefstukke, bll.344-346).

141) Potgieter en Theunissen: a.w., bll.210-211.

142) Vgl. Wichmann: a.w., bl. 86.

143) Potgieter en Theunissen: a.w., bl.184.

144) H.T.Bührmann was 'n Hollander wat deur die toedoen van Smellekamp na die Trekkers in Ohrigstad gestuur is om as onderwyser te gaan optree. Hy het in Augustus 1848 by hulle aangekom. (Soutter-versameling, Pakkie 1, no.8: Smellekamp aan "Leden van de Hollandsche Emigranten en Commissie in de Omstreek van Ohrigstad," d.d. Delagoabaai, 5 Aug.1848).

Potgieter met volgelinge en ondersteuners by hom, sowel as verspreid oor die hele oppervalkte van die Republiek, 'n man wat vanweë sy invloed en standvastigheid deur hulle benoem is as lewenslange hoofkommandant en bestierder, en wat vasbeslote was om dié posisie van hom te handhaaf en aan die verpligtinge daaraan verbonde, uitvoering te gee. In die weste van die Transvaalse Republiek, waar die gesag van die Hoofkommandant sowel as dié van die Volksraad so effens was dat daar feitlik algehele regeringsloosheid geheers het, het 'n nuwe sterk en invloedryke figuur in 1848 sy verskyning gemaak en hom aldaar as 'n permanente inwoner van die Republiek gevestig, naamlik die gewese kommandant-generaal van Natal, Andries Pretorius. Na die afskaffing van die Trekker-volksraad in Natal in 1845 het die Natalse Trekkers dié land steeds in groter getalle verlaat en hoewel sommige hulle in Noord-Oos-Transvaal gaan vestig het, het baie op die Vrystaatse en Transvaalse hoëveld 'n woonplek gevind. Tydens Pretorius se bemoeiinge in Vrystaatse aangeleenthede het die gewese Natallers, die Winburgers en 'n groep Transvalers hulle alreeds onder sy leiding geskaar, en toe hy homself in Transvaal gaan vestig het, was hy alreeds die held van 'n groot aantal Boere, en het dit nie lank geduur voor sommige hom versoek het om hulle <u>opperhoof</u> te word nie, omdat die land geen opperhoof het nie en dit vir hulle onbekend was

> "wat land of volk ken bestaan zonder een opperhoof." 145)

Bührmann, nog maar 26 jaar oud, het spoedig na sy aankoms 'n ander weg gevolg as waarvoor hy oorspronklik gestuur is, naamlik dié van die politiek. Hy het hom onmiddellik vir die oplossing van die moeilikhede tussen Potgieter en die Volksraad begin beywer en na samesprekings wat hy eers met die Ohrigstadters en daarna met Potgieter gevoer het,[146)] het hy hom alreeds op 12 Oktober, toe hy self nog maar anderhalwe maand in die land was, bevoeg gevoel om 'n beskouing oor sake uit te spreek en heelmiddels aan die hand te doen.[147)] Sy

---

145) R.131/47: Kommandant Otto e.a. aan Pretorius, d.d. 22 Nov.1849. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bll.289-291).

146) Kyk Krüger: a.w., bl.113.

147) V.R.58/48: Bührmann aan Ohrigstadse Volksraad, d.d. 12 Okt.1848. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.1, bylaag 24/1848, bll.263-265). Kyk ook V.R.60/48: ibid., d.d. 16 Okt.1848. (Ibid.,bylaag 26/1848, bll.265-267).

voorstelle het daarop neergekom dat alle bestaande partyskappe opgehef en die verlede vergeet en vergewe moes word; dat die verenigde volk 'n nuwe Volksraad moes saamstel, wat die hoogste gesag sou uitmaak, en dat Potgieter in sy pos as hoofkommandant gehandhaaf moes word, maar onderworpe aan die gesag van die Volksraad.[148)] Terselfdertyd het Potgieter, op voorstel van Bührmann, ook 'n brief aan die Ohrigstadse Volksraad geskrywe waarin hy en sy volgelinge 'n vereniging van die twee groepe verwelkom, hoewel hulle nie met al die punte in Bührmann se program kon saamstem nie. Hy nooi die Volksraad uit tot samesprekings aan die Olifantsrivier op 'n tyd wat later bepaal en waarvan hulle dan in kennis gestel sou word.[149)]

Ten spyte van Potgieter se voorstel dat die verenigingsvergadering aan Olifantsrivier moes plaasvind, het Bührmann intussen 'n volksbyeenkoms op 9 Februarie 1849 te Hekpoort aan die Magaliesberge gereël, waar Potgieter en Pretorius teenwoordig was, terwyl Burger en sy groep nie die vergadering bygewoon het nie.[150)] Op hierdie vergadering is

> "door het geheelen publiek beslooten dat het tyd was dat er een einde aan de twist gemaakt wordt, en een beetere regeering opgerigt wordt, en er werdt besloten het beste te kiezen, dat is een Volksraad als het hoogste gezag, en dat alle officieren, en amptenaaren onder dezelve zullen staan. Ook de heer A.H.Potgieter heeft dit plan meede goedgekeurd,[151)] en men behoefd niet bevreesd te

---

148) Preller: Andries Pretorius, bl.388; Krüger: a.w., bl.113. Bührmann het ook, toe hy in November 1848 saam met Potgieter na Potchefstroom was i.v.m. lg. se onderhandelinge met Smith, sy program aan 'n volksvergadering aldaar voorgelê. Ook hulle was ten gunste daarvan. Pretorius was ook op die vergadering. (Preller: t.a.p., bl.391).

149) V.R.57/48: Potgieter aan Ohrigstadse Volksraad , d.d. 11 Okt. 1848. (S.A.Argiefstukke , Tvl., no.1, bylaag 23/1848, bll.262-263). Hierdie briewe is deur die Volksraad gelees maar die behandeling daarvan is uitgestel totdat die Raad voltallig sou wees. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bl.87).

150) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860. (Historiese Studies , Des.1944, bl.237). Vanweë die ongesondheid van Ohrigstad is die plek in 1849 verlaat en is Lydenburg aangelê, waarheen ook Burger en die Volksraad verhuis het.

151) Volgens 'n brief van Andries Pretorius aan verskeie persone, d.d. 12 Feb. 1849 (R.119f/47 - Voortrekkerargiefstukke, bll.256-257) het dit baie moeite gekos om Potgieter sover te kry. (Hierdie brief is misplaas onder die stukke van 1847).

> zyn dat er van deezen zyde weeder teegenwerking komen zal."

Verder het die vergadering besluit om 'n algemene volksvergadering aan Olifantsrivier by Van der Merwesdrif op 20 Maart 1849 byeen te roep, waar Potgieter die Lydenburgers dan sou ontmoet en hom met hulle sou versoen.[152] Pretorius, hoewel daar op die vergadering geen notisie van hom geneem is nie en hy boonop deur Bührmann erg beledig is, sou ook met die genome besluite sy instemming betuig het.[153] Die Volksraad het op 7 Mei geantwoord dat hulle om verskeie redes die Olifantsrivierse byeenkoms nie sou kon bywoon nie, dat hulle dit beter ag om op die weg te bly wat Smellekamp hulle aangewys het en dat solank as wat hulle op die koms van Smellekamp wag,

> "willen wy ieder party voor hun eigen verantwoording laten werken."[154]

Die Olifantsrivierse byeenkoms het op 22 Maart 1849 plaasgevind. Burger en sy Volksraadsparty was nie op die vergadering teenwoordig nie[155] en Pretorius het ook daar weggebly vanweë die verwyte wat Bührmann hom teëgewerp het in verband met sy optrede teen die Engelse.[156]

---

152) V.R.64/49: Verslag van die Hekpoort-vergadering en brief van Bührmann aan Volksraadslede en publiek van Ohrigstad, d.d. Hekpoort, 13 Feb.1849. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bylaag 3/1849, bll.269-272). Wichmann (a.w., bl.84) skryf van dié vergadering: "Die vergadering te Hekpoort was 'n keerpunt in die geskiedenis van die Transvaal. Vir die eerste keer is die gebied ten noorde van die Vaal as 'n geheel beskou, veral omdat die gebied ten suide daarvan deur Engeland geannekseer was. Opmerklik is dit dat die Vaalrivier as grens vasgestel is, in plaas van die suiderbreedte waarvan soveel sprake gewees het."

153) Wichmann: t.a.p., bll.83-84.

154) V.R.68/49: Ohrigstadse Volksraad aan Bührmann en G. Kruger, d.d. 7 Mei 1849. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bylaag 8/1849, bll.275-277). Kyk ook Wichmann: a.w., bll.84-85; Volksraadsnotule, Ohrigstad, aanhef en art.1, 7 Maart 1849. (S.A.Argiefstukke, ibid., bll.92-93). In verband met Smellekamp se raadgewinge, kyk V.R.51/48: Smellekamp aan Ohrigstadse Volksraad, 21 Julie 1848; V.R.53/48: ibid., d.d. 27 Julie 1848. (Ibid., bylae 17 en 19 van 1848, bll.255 en 259 onderskeidelik).

155) Volksraadsnotule, Ohrigstad, art.1, 7 Maart 1849. (Ibid., bl.93); Krüger: a.w., bl.114; Wichmann: a.w., bl.87.

156) V.R.64/49 (kyk hierbo, voetnoot 152); Krüger: a.w., bl.114; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.82 en voetnoot 38 op dieselfde bladsy.

Ten spyte van die afwesigheid van die mense is die vergadering in elk geval gehou deur die ongeveer 200[157] versamelde burgers. Volgens Bührmann se getuienis[158] het Potgieter, wat die vergadering geopen en die leiding op hom geneem het, sy goedkeuring van die Bührmann-program gerepudieer en het hy, nadat hy op die teëstand van die Volksraad gewys het, gemeen dat alles maar soos in die verlede moes aangaan. Toe Bührmann sy saak gestel het, het Potgieter die vergadering verlaat met die uitroep dat diegene wat hom liefhet hom moes volg, waarop sestien of agttien persone -

> "zyn zoons en schoonzoons" -

met hom saamgegaan het.[159] Die besluite wat geneem is, was feitlik ʼn herbevestiging van dié van Hekpoort. Daar sou ʼn Volksraad as hoogste gesag bestaan en dit sou

> "nimmer toegelaten ... worden dat er één of meerder persoonen boven deezen als hoogst gezag hebbende zal moogen aangesteld worden, maar zullen allen amptenaaren en officieren onder deeze Volksraad staan."

Potgieter se posisie as hoofkommandant, maar onderworpe aan die gesag van die Volksraad, is ook in aanmerking geneem deur die verdere besluit dat

> "er ... geen Hoofdcommandant meer moogen aangesteld worden nadat de Heer A.H.Potgieter door ouderdom of ziekte of eenigen anderen oorzaak van deezen post ontslagen is." 160)

Vir ʼn tweede keer het Potgieter nou sy gewilligheid getoon om hom aan die gesag van die Volksraad te onderwerp, hoewel die vergadering niks in verband met die funksies en magte wat hy as hoofkommandant sou kon uitoefen, neergelê het nie, behalwe dat hy onder die gesag van die Volksraad sou staan.[161]

---

157) Volgens Preller: <u>Andries Pretorius</u>, bl.394.

158) Kyk ibid., bll.394-395.

159) Hierdie mededeling van Bührmann is oordrewe. Volgens sy eie getuienis was ongeveer 200 mense op die vergadering teenwoordig. As 16 of 18 saam met Potgieter weg is, moes daar minstens 180 oorgebly het, terwyl die uiteindelike besluit wat geneem is, slegs deur 93 persone onderteken is. Indien 200 mense die vergadering bygewoon het, moes dus meer as die helfte saam met Potgieter padgegee het. Potgieter het die besluit egter self onderteken. Dit beteken dat hy óf nie die vergadering verlaat het nie, óf spoedig teruggekeer het. Potgieter en Theunissen (a.w.,bll. 217-218) verklaar dat Potgieter deur Bührmann oorgehaal is om terug te keer.

160) Soutter-versameling, Pakkie 1, no.9: Besluite van Volksbyeenkoms, Olifantsrivier, 22 Maart 1849. (<u>S.A. Argiefstukke</u>, Tvl., no.1, bylaag 5/49,bll.272-274).

161) Vgl. Wichmann: a.w., bl.88.

Die Olifantsrivierse, net soos die Hekpoortse besluit, toon duidelik dat die Volksraadsgesindes nie van plan was om hulle stryd op te gee nie en dat hulle langsamerhand vordering gemaak het. Hulle het skynbaar besef dat die Hoofkommandant nog altyd die grootste rol in staatsake gespeel het as nie-amptelike uitvoerende hoof, en hulle het gevrees dat hy op een of ander tyd die uitvoerende gesag formeel sou aanvaar.[162] Daarteen wou hulle ten alle koste waak.

Potgieter het egter sy handtekening van die besluite van Olifantsrivier teruggetrek vanweë die beledigende optrede van Bührmann ná die vergadering teenoor hom [163] Daarmee het Bührmann hom, net soos vroeër met Pretorius, ook die onguns van Potgieter op die hals gehaal.

Vanweë die afwesigheid van die Ohrigstadters het die Olifantsrivierse volksvergadering ook 'n kommissie afgevaardig om die besluite aan die Volksraad voor te lê, hulle tot vereniging te beweeg, terwyl die nuwe te kiese lede ingesweer sou word op 'n volksvergadering wat op 22 Mei 1849 op Derdepoort sou plaasvind. 'n Regbank sou opgerig word om al die ou twiste en beskuldiginge teen persone te ondersoek en sodanige persone, indien skuldig bevind, te straf, terwyl nog 'n regbank daargestel sou word vir die uitoefening van die gewone regspleging.

Hierdie afgevaardigdes het die Volksraad en publiek van Ohrigstad op 3 April 1849 ontmoet. Die besluite het almal se goedkeuring weggedra, behalwe dié van Burger, wat die saak uitgestel wou hê tot na die koms van Smellekamp. Ten spyte van die feit dat hulle slegs 'n baie klein gedeelte van die Republiek se bevolking uitgemaak het, het hulle as voorwaardes tot die aanname van die besluite gestel dat twee uit elke vier Volksraadsvergaderinge in hulle hoofkwartier gehou moes word en dat hulle verteenwoordigers die helfte van die Volksraadslede moes uitmaak.[164] Op hierdie vergadering

---

162) Vgl. Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.82.

163) R.188/49: Potgieter aan Pretorius, d.d. 20 Des.1849. (Voortrekker-argiefstukke, bll.399-401).

164) Soutter-versameling, Pakkie 1, no.10: Volksraadsnotule, Ohrigstad, 3 April 1849. (S.A.Argiefstukke, Tvl.I., no.1, bl.97).

het alles egter nie baie vlot verloop nie.[165]

Die beledigende optrede van Bührmann teenoor Potgieter het veroorsaak dat laasgenoemde nie die Derdepoortse vergadering bygewoon het nie.[166] Op hierdie vergadering was Andries Pretorius weer teenwoordig en met die leiding van die vergadering wat hy op hom geneem het, het hy sy aktiewe intrede in die Transvaalse staatkunde gedoen, en voortaan sou daar ook in die ontwikkeling van die staatshoofskap met hom rekening gehou moes word. By die konstituering van die Volksraad is hy ook as voorsitter van dié liggaam gekies en is hy onmiddellik as vernaamste burger in 'n magsposisie geplaas.[167] Hoewel die Lydenburgers op hierdie vergadering teenwoordig was, het Burger verkies om nie daar te wees nie, terwyl Bührmann wat aan die koors siek was, ook nie teenwoordig kon wees nie.

Die Volksraad is saamgestel uit ses lede van Ohrigstad en veertien ander, wat deur die publiek gekies is. Op 23 Mei 1849 is besluit om 'n

> "vereenigde band van het geheel maadschappy aan deze zyde de Vaal Revier"

te vorm. Die Drie-en-dertig Artikels is weereens as grondslag van die regering van die staat aanvaar, sake in verband met toekomstige Volksraadsittinge is gereël, en dit is besluit om Potgieter vir die laaste maal aan te skrywe om hom by die Volksraad te vervoeg by geleentheid van 'n vergadering wat op die derde Woensdag van September te Krugerspost gehou sou word,

> "om allen verschillen uit den weg te ruimen daar alle andere uit den weg is geruimt."[168]

---

165) R.173/49: Burger aan de Clercq, e.a., d.d. 19 April 1849. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bll.376-381).

166) R.188/49: (Kyk hierbo, voetnoot 163); Van Heerden: <u>Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R.</u> sê dat Potgieter verhinder was om teenwoordig te wees.

167) Vgl. Van Heerden: <u>Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R.</u>, bl.84. Kyk ook R.178/49: Pretorius se openingsrede. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bll.385 e.v.).

168) Volksraadsnotule, Derdepoort, 23 Mei 1849. (<u>S.A. Argiefstukke</u>, Tvl., no.1, bll.99-101); ook R.180/49: Notule van Publieke Byeenkoms, Derdepoort, 23 Mei 1849. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bll.388-390). Van Heerden (a.w., bl.84) skryf:
"Pretorius se persoonlike teenwoordigheid en invloed te Derdepoort het 'n nuwe gees by die Transvalers wakkergemaak. Sy optrede het die begeerte om 'n eenheidstaat te skep en die behoefte om 'n sterk leier

Die Volksraad het gevoel dat aan die Volksraadsregering, in die afwesigheid van 'n uitvoerende gesag, enigsins 'n permanentheid gegee moes word vir die afhandeling van dringende sake en gevolglik is ook vir 'n kommissieraadstelsel voorsiening gemaak. Die kommissieraad sou baie jare lank probeer om aan die funksies van 'n uitvoerende gesag te voldoen, hoewel dit nie veel sukses sou hê nie, en die onderhandelinge met die buiteland sowel as binnelandse konsolidering geweldig sou strem.[169] Besluite en optrede van die kommissieraad sou slegs voorlopig wees en moes by die eersvolgende sitting van die Volksraad aan die liggaam se goedkeuring voorgelê word.

Op die Volksraadsvergadering, wat vanaf 19 tot 24 September op Krugerspost plaasgevind het,[170] is pogings aangewend om die wette van die land sowel as die regering op 'n hegter basis te plaas. Hierdie keer was Potgieter ook nie op die vergadering teenwoordig nie,[171] en op 24 September het die Volksraad besluit om die Landdros van Potchefstroom te gelas om de heer A.H.Potgieter, tesame met ander, te dagvaar om op die derde Maandag van Januarie 1850 voor die Hof van Landdros en Heemrade te verskyn

> "om verantwoording te doen waarom zylieden niet gehouden en verpligt zal zyn aan hun naamtekening te voldoen en tot verstandhouding der reeds gedaane besluit genomen aan Oliefants Rivier de dato 22st Maart laats leden."

---

daar te stel, onkeerbaar gemaak ... Die kieme van wantroue in 'n leier, wat reeds voorheen deur Maritz, Burger en Bührmann gesaai is, het toe al egter gegroei tot 'n gees van agterdog en vrees. Gevolglik het die vergadering verder besluit dat die landdroste en veldkornette moet voorkom dat enige byeenkomste gehou of memories onderteken sal word vir die verkiesing van 'n kommandant-generaal of hoofkommandant."
Hierdie bewerings is beslis teenstrydig. Van Heerden gee ook geen aanduiding vanwaar hy die gegewens in verband met hierdie besluit kry nie. In die Notule van die Derdepoortse vergadering staan daar niks van nie. Blykbaar verwar Van Heerden die besluite van hierdie vergadering met dié wat in September te Krugerspost geneem is. (Kyk hierna, bl.137).

169) Krüger: a.w., bl.115.

170) Volksraadsnotule, Krugerspost, 19-24 Sept.1849. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bll.101-109). Andries Pretorius was nie op die vergadering teenwoordig nie en J.de Clercq is as voorsitter gekies.

171) Kyk Potgieter en Theunissen: a.w., bl.221 i.v.m. die houding wat Potgieter ingeneem het.

Indien die afgevaardigdes sou weier, is aan die Landdros opdrag gegee om die Raadsbesluite met 'n gewapende mag ten uitvoer te bring. Verder is besluit om 'n blokkade teen Zoutpansberg toe te pas en dat persone wat hulle nie daaraan sou hou nie, gestraf sou word met 'n boete van minstens Rds.500 en konfiskering van alle goedere in hul besit.[172)]

Hierdie besluit was een van die drastiese stappe wat deur die vergadering gedoen is en daarin moet waarskynlik die toenemende invloed van die Volksraadsparty gesien word. 'n Ander drastiese stap wat ook aan hierdie invloed toegeskrywe moet word, is die besluit

> "dat van heden af voortaan geen Hoof Commandant of Generaal zal bestaan."[173)]

Hierdie besluit was die resultaat van die groot aanhang en invloed wat Pretorius gedurende die Derdepoortse byeenkoms ten deel geval het; iets wat die Volksraadsparty beslis nie aangestaan het nie.[174)] Terwyl hulle met Potgieter feitlik klaargespeel was, moes voorkom word dat Pretorius tot 'n soortgelyke magsposisie geraak. Dat hulle egter nog deeglik vir die gevoelens van die volk bevrees was, blyk uit die verdere besluit in verband met dié saak, dat aan landdroste en veldkornette opgedra is dat elkeen in sy wyk verplig sou wees om toe te sien dat geen byeenkoms gehou of memorie geteken sou word ten gunste van 'n verkiesing van 'n kommandant-generaal of 'n hoofkommandant nie.[175)] Die Volksraad was nou vasbeslote om vir eens en altyd 'n einde aan die staatkundige leierskap van die hoogste krygsoffisier te maak en om die oppergesag van die Volksraad te verseker. Deur hierdie besluit is Potgieter en

---

172) Art. 30 van die Notule. (Kyk hierbo, voetnoot 170).

173) Art. 38 van die Notule (Ibid.). Dit is opmerklik dat voor hierdie besluit geneem is, Potgieter alreeds in art.30 as "den heer A.H.Potgieter" aangedui word, in teëstelling met die besluit van Olifantsrivier dat hy as hoofkommandant sou aanbly. Hierdie besluit was dus eweneens 'n skending van die besluite van Olifantsrivier. Dit was ook hierdie besluit wat aanleiding gegee het tot die brief van Vaalrivierse burgers aan Pretorius om hulle opperhoof te wees. (Kyk hierbo, bl.130, voetnoot 145).

174) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.85.

175) Art.29 van die Notule. (Kyk hierbo, voetnoot 170).

Pretorius egter veel nader aan mekaar gebring as wat ooit voorheen die geval was.[176)]

10. Volksraad slaag nie daarin om die staatshoofskapsgedagte die nek in te slaan nie.

Die ultra-demokratiese opvatting van die Volksraadsparty het by Krugerspost sy hoogtepunt bereik. As hulle egter gedink het dat hulle die staatshoofskapsgedagte, soos dit tot dusver in die hoogste militêre leierskap beliggaam was en tot uiting gekom het, die finale nekslag toegedien het, het hulle hulle deeglik vergis. Die groot behoefte was nog altyd iemand of ŉ liggaam wat die volk kon verteenwoordig wanneer die wetgewende liggaam nie in sitting was nie en wat aan die besluite van dié liggaam uitvoering kon gee. Daar was iemand nodig wat dag-uit en dag-in volks- en landsake kon behartig en daarin leiding kon gee. Toe die hoogste krygsoffisier nog in hierdie behoefte voorsien het, het die volk die erns van die saak nie so goed besef nie, maar toe die Volksraad by Krugerspost hierdie amp van die toneel laat verdwyn het, het die volk, veral onder leiding van Pretorius, wakkergeskrik en het hulle hulle stem begin verhef ten gunste van ŉ leier. Dit blyk duidelik dat die volk op hierdie stadium ŉ staatshoof vereis het, hoewel hulle nog self nie ŉ duidelike besef van die noodsaaklikheid van ŉ afsonderlike uitvoerende mag gehad het nie. Tot dusver het die Volksraad in Natal en Transvaal alleen te doen gehad met die een persoon wat daardie amp vervul het, bygestaan deur ŉ groepie persoonlike volgelinge; ná Krugerspost sou hulle egter met ŉ belangrike deel van die volk self te doen kry. Die handelinge van die Volksraad op hierdie oomblik getuig van ŉ ernstige kortsigtigheid en selfs ŉ blindheid vir die besef dat enige goed ingerigte staat oor ŉ doeltreffende uitvoerende mag moet beskik.

Van die kant van Potgieter het daar op hierdie besluit geen onmiddellike reaksie gekom nie. Die reaksie het hoofsaaklik vanuit die weste, wat steeds digter

---

176) R.185/49: C.B.V.Rabe aan Pretorius, d.d. 14 Nov.1849; R.188/49: Potgieter aan Pretorius, d.d. 20 Des.1849. (Voortrekker-argiefstukke, bll.396-398 en 399-401 onderskeidelik). Kyk ook Krüger: a.w., bl.115; Wichmann: a.w., bl.93; Potgieter en Theunissen: a.w., bll.225-228.

bevolk geraak het, gekom, met Andries Pretorius as sentrale figuur. Ten spyte van die opdragte wat aan landdroste en veldkornette gegee is in verband met die verkiesing van 'n kommandant-generaal, is die eerste memorie, onderteken deur 168 persone, waarin gevra word om vir Pretorius

> "in zyn oude autorityten als Commandant-Generaal of Krygsoverste"

aan te stel, vroeg in 1850 aan die Volksraad voorgelê. Die Volksraad het besluit om die saak tot met die volgende sitting uit te stel om eers die gevoel van die publiek daaromtrent te verneem. Elke ingesetene van die Republiek sou in die geleentheid gestel word

> "om openlyk hun gevoelen te kenne te geven voor of tegen een Commandant Generaal of Krygsoverste door middels van memories of tyken lysten." 177)

Waar die Volksraad in September van die vorige jaar die volk verbied het om sodanige memories in te stuur, word hulle nou daartoe uitgenooi. Die ommeswaai van die Volksraad was baie skielik en moet miskien nie slegs aan die een ingekome memorie toegeskryf word nie, maar aan 'n moontlike meerdere kennis van die openbare mening.[178)] Hierdie optrede van die Raad het tot gevolg gehad dat een van die Lydenburgse lede geweier het om as Volksraadslid te dien

> "want het gene hier wort beslote door den Raad wort op mooirevier weer verbroke ...."179)

Op die vergadering van 23 Januarie het Pretorius as

---

177) Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.22, 23 Jan. 1850. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bl.115). Potgieter en Theunissen (a.w., bl.228) se bewering dat Pretorius self die poging aangewend het om hom as kommandant-generaal verkies te kry, kan nie sonder meer aanvaar word nie.

178) Vgl. R.191/50: Verklaring onderteken deur 115 persone, d.d. Vaalrivier, 8 Jan.1850 (Transvaalse Argiefstukke,1850-1853, bll.3-4), waarin hulle te kenne gee dat hulle die Volksraadsvergadering in Januarie 1850 nie kan bywoon nie, en waarin hulle beswaar maak teen die September-besluit en vra dat Pretorius kommandant-generaal moes word. Die memorie is nie deur die Volksraad in die Januarie-sitting behandel nie.

179) V.R.111/50: C.Viljoen aan Volksraad, d.d. Lydenburg, 11 Mei 1850. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bylaag 12/1850, bl.320).

Volksraadslid bedank.[180]

Bührmann, wat na die dood van Burger die leiding van die Volksraadsparty op hom geneem het, het onmiddellik aan die werk gespring en memories teen die herstel van die kommandant-generaalskap en Pretorius laat teken op vergaderinge wat deur hom gehou is.[181] Bührmann en sy ondersteuners se propaganda het daarop berus dat die aanwesigheid van 'n kommandant-generaal op niks anders as 'n eenmansregering, en gevolglik weer op tweedrag, sou uitloop nie.[182] Pretorius het ook nie stilgesit nie en 'n hele aantal vergaderings ten gunste van die herstel van die kommandant-generaalskap en sy benoeming tot die amp gehou.[183]

By die Volksraadsitting wat in Mei 1850 gehou is, is die ingekome memories[184] behandel, en het dit geblyk dat omgeveer 77% van die ondertekenaars nie ten gunste van 'n permanente kommandant-generaal was nie, op grond waarvan die Volksraad besluit het dat die Krugerspostse besluit gehandhaaf sou word,

> "en zal er geen Hoofd Kommandant, Kommandant Generaal of Krygsoverste in dezen maatschappy aan dezen zyden den Vaalrivier weder opgerigt mogen worden of bestaan, en zal zodanig een persoon nimmer mogen aangesteld worden of het moet op een kommissie of komando nootzakelyk bevonden worden, en dan ook niet langer als hetzelven duurd, en zal zulk een Hoofd dadelyk na afloop van hetzelven weder in zynen vorigen staat gesteld worden."[185]

---

180) Art. 27 van Notule (kyk hierbo, voetnoot 170). Wat Pretorius se rede vir hierdie stap was, kan ongelukkig nie uit die Notule vasgestel word nie. Preller (Andries Pretorius, bl.406) beweer dat dit in verband met die Volksraad se besluit aangaande die memorie gestaan het, terwyl Wichmann (a.w., bl.94) meen dat hy bedank het vanweë die kwessie tussen hom en Bührmann. Geeneen van die verklarings berus egter op dokumentêre gegewens nie.

181) Preller: Andries Pretorius, bl.406.

182) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860. (Historiese Studies, Des.1944, bl.204).

183) Vgl. V.R.103/50: Kommdt. Enslin aan Volksraad, d.d. 19 April 1850. (S.A.Argiefstukke, Tvl.,no.1, bylaag 5/1850, bll.296-297); Ook Wichmann: a.w., bl.94.

184) V.R.85/50-V.R.90/50; adV.R.90/50; V.R.91/50-V.R. 93/50; V.R.95/50-V.R.96/50; V.R.99/50; V.R.100/50; V.R.102/50; V.R.104/50; V.R.106/50. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bylae 7(a)- 7(r), bll.296-315); R.197/50; R.198/50. (Transvaalse Argiefstukke,1850-1853, bll.9-10 en 11 onderskeidelik).

185) Volksraadsnotule, Lydenburg, art.30, 23 Mei 1850. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bl.131). Ook R.213/50: Kopie van Algemene Bekendmaking i.v.m. kommandant-generaalskap, d.d. 23 Mei 1850. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853,, bl.28).

By 'n ontleding van die inhoud van die ingestuurde memories kan tot een baie belangrike gevolgtrekking gekom word wat duidelik aantoon wat die ware aard van die staatshoofskapvraagstuk was en in watter lig die hele kwessie beskou is. Die vraag waaroor die volk hulle moes uitspreek was doodeenvoudig of daar 'n kommandant-generaal moes wees of nie. Die memories toon egter dat dit vir die volk 'n kwessie was wie die hoogste gesag moes voer: die Kommandant-generaal of die Volksraad! Byna sonder uitsondering verklaar die een groep dat dit hulle begeerte is

> "dat er geen hooger regerings vorm sal opgereg worden in onse midden als de Volksraad;"[186]

dat hulle nie sal gedoog

> "dat er op nieuw een Hoofd, onder welken naam dan ook, over ons zal aangesteld worden;,[187]

dat hulle nooit sou kon toelaat

> "dat er een kommandant generaal of hoofd kommandand over ons aangesteld zal worden;"[188]

ander

> "ziet een gevaar in een ewegduren genneraal, want door eenneg kwaay jongken kwaat gepleegen worden;"[189] ens.

Al hierdie memories verklaar hulle ook teen Pretorius terwyl dié ten gunste van die kommandant-generaalskap onomwonde verklaar dat hulle vir Pretorius in die pos wou sien. Een van die memories ten gunste van die herstel van die kommandant-generaalskap stel hulle saak as volg:

> ".... zoo is het dat wy, ondergeteekende, de noodzaaklykheid in ziet dat daar zoodanig een perzoon zal bestaan, en kiest tot dien einde de We(l)Ed. Heer A.W.J.Pretorius, om rede nooit eenig land is regeert zonder een behoorlyk krygsbestier, en wy van Genesis tot in Openbaring Johannes in den Bybel lezen kunnen dat zoodanig perzoonen moet en bestaan zal tot de voleinding der weereld; en wanneer wy zoodanig een bestier missen moet, zoude wy ons voor elk nabuurig volkstam moeten schamen die ons daarin overtref, en wy ons zelve verzwakte dat alle naties op ons den einde zal vertreden."[190]

Dit was beslis 'n eenvoudige, maar baie nugtere siening van die saak.

---

186) V.R.85/50 (kyk hierbo, voetnoot 184).
187) V.R.86/50 (ibid.).
188) V.R.90/50 (ibid.).
189) adV.R.90/50 (ibid.).
190) V.R.102/50 (ibid.).

Uit hierdie memories wil dit blyk asof die publiek die kommandant-generaalskap of hoofkommandantskap definitief met 'n uitvoerende regeringshoof vereenselwig het, en dat hulle bo alles geen duidelike besef van die funksies en bevoegdhede van so 'n amptenaar gehad het nie. Die kennis wat hulle wel daarvan gedra het, was enigsins verwronge; kennis wat hulle uit eie ervaring opgedoen het toe die militêre hoof noodgedwonge op die voorgrond moes tree om ten dele vir die gebrek aan 'n uitvoerende gesag te vergoed, waardeur die indruk, veral onder leiding van Maritz, Burger en Bührmann, stewig posgevat het dat die Volksraad en die militêre hoof mekaar se teëstanders is en dat die regering alleen deur die een of die ander kon plaasvind.

Die memories sowel as die besluit van die Volksraad was direk teen Pretorius gerig, veral omdat die Volksraad kennis gedra het van die sterk ondersteuning wat Pretorius van die kant van die burgers van die Oranjerivier-soewereiniteit ontvang het, waardeur hulle bevrees was dat as Pretorius in Transvaal in 'n magsposisie geplaas sou word, dit hulle later in moeilikhede met die Engelse kon dompel. Dit is dan ook geen wonder dat die Lydenburgse Volksraad in dieselfde asem, toe hulle die kommandant-generaalskap op 23 Mei finaal afgeskaf het, besluit het om die publiek te waarsku om die besluite nie te oortree nie,

> "en den door het Britsch Gouvernement en ons bepaalde limiet, dat is den Vaalrivier, niet te verbreeken, en geen bemoeyingen van oorlog of anderen zaaken van dien aard over de gezegden Vaalrivier te bewerken of behulpzaam te zyn."

Landdroste, kommandante en veldkornette is aangesê om ten strengste oor die publiek toesig te hou dat die besluite nie oortree word nie, en hulle moes

> "vooral waakzaam zyn ... op het houden van briefwisseling over onzen limieten, en zullen zy allen verdachten briefwisseling volgens bepaling van den 33 Artikelen aan den bevoegden regter ter hand stellen."

Die Volksraad het seker 'n vermoede gehad dat Pretorius 'n briefwisseling met die Oranjerivier-soewereiniteit onderhou het. Of hy toe al met die Britse outoriteite in korrespondensie was, is nie duidelik nie, maar dit is bekend dat hy minder as 'n maand na die vergadering aan Majoor Warden in Bloemfontein geskrywe het in

verband met sy toekomstige voornemens.[191)]

Hoewel Pretorius nie meer lid van die Volksraad was nie en hoewel hy ook geen pos onder die Volksraad beklee het nie, was daar baie Transvalers wat na hom as hulle leier opgesien het en het hy meer as een keer namens die hele bevolking van Transvaal opgetree, selfs nog voor die finale besluit van die Volksraad op 23 Mei geneem was. Op 21 Maart 1850 het 'n aantal inwoners van Marico hom versoek om onmiddellik daarheen te kom omdat

"wy heir (sic!) regeerenloos is."[192)]

Op 1 April 1850 het Pretorius 'n publieke bekendmaking, deur hom as kommandant-generaal onderteken, uitgevaardig, waarin hy verklaar dat hy op versoek van 'n Raadslid, drie veldkornette en 90 ander inwoners van Marico daarheen ontbied is om aldaar stappe te doen in belang van die openbare veiligheid, en dat daar reeds

> "twee Enge(l)sche officieren zyn doorgegaan naar binnenlandwaards en er nog staad te komen, en dat door de regeringloosheid aldaar zulks niet tegen worde gegaan, zoo heb ik my voorgenomen de 8ste dezer van hier naar derwaards te verryze, en daartoe roepe ik op zooveele leeden van de Ed. Volksraad ik beryke kan om op aanstaande Zaturdag alhier ter myner plaatze te weezen ... en zooveele publiek als belangstelle in onze wilvaard ten einde maatregelen te neemen den publieke vyligheid betreffende."[193)]

Selfs as gewone burger het Pretorius **hiér die** noodsaaklikheid ingesien om in die plek van 'n nie-bestaande staatshoof op te tree. Op 15 April 1850 het Potgieter aan Pretorius 'n brief gerig waarin hy Pretorius nog as kommandant-generaal adresseer.[194)] Op 6 Mei 1850 het

---

191) R.215/50: Pretorius aan Warden, d.d. 18 Junie 1850. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bl.30). Preller (Andries Pretorius, bl.373) verklaar dat vroeëre korrespondensie wel plaasgevind het.

192) R.201/50: Prov. veldkornet J.W.van der Merwe e.a. aan Pretorius, d.d. 21 Maart 1850. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bll.17-18). Kyk ook R.202/50: Pretorius se antwoord op hierdie brief, d.d. 28 Maart 1850. (Ibid.,bl.18).

193) R.204/50: Publieke bekendmaking van Pretorius, d.d. 1 April 1850. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bl.20).

194) R.206/50: Potgieter aan Pretorius, d.d. 15 April 1850. (Ibid., bll.21-22). Potgieter onderteken hierdie brief ook as hoofkommandant.

kommandant A.H.Stander van Marico 'n amptelike verslag in verband met sake van die openbare veiligheid aan Generaal-Commandant Pretorius gestuur in plaas van aan die Volksraad.[195] Op 6 Februarie 1850 stuur Pretorius 'n brief van bedanking namens al die Transvaalse gemeentes aan ds. A.Murray van Bloemfontein vir die besoek wat hy aan Transvaal gebring het.[196]

11. Volksraad verplig om tydelike Kommandant-generaal aan te stel.

Die Lydenburgse besluit van 23 Mei het geen tevredenheid aan die Pretorius-ondersteuners en voorstanders van die kommandant-generaalskap gegee nie en gevolglik ook geen einde aan die politieke onrus gebring nie.[197] Ander omstandighede sou die Volksraad egter dwing om die weg wat hulle so sorgvuldig toegemaak het, weer gedeeltelik oop te stel, naamlik die dreigende opstand van Secheli in Wes-Transvaal en ander naturelle-stamme in ander dele van die Republiek. Die verwagte opstande het tot gevolg gehad dat versoeke uit Potchefstroom, Marico en Lydenburg by die Volksraad ingekom het om kommandante in die onderskeie distrikte te mag kies. Hierdie versoeke is toegestaan[198] en daarmee het die Volksraad feitlik die opening gelaat vir die latere verpligte aanstelling van vier kommandante-generaal.[199] Die dreigende naturelle-onluste het so onrusbarend voorgekom en die agitasie van die burgers ten gunste van 'n kommandant-generaal het so sterk geword, dat die Volksraad in Oktober verplig was om ten spyte van alle vroeere besluite vir Pretorius as tydelike kommandant-generaal aan te stel. Die aanstelling sou alleen geld

"om werkzaam te weezen tot op de wal van Vaal Revier"

---

[195] R.209/50: Kommdt. Stander aan Pretorius, d.d. 6 Mei 1850. (Ibid.,bll.25-26).

[196] R.193/50: Pretorius aan ds. A.Murray, d.d. 6 Feb. 1850. (Ibid., bll.5-7). Waarskynlik het Pretorius hier opgetree as lid van die Kerkkommissie (kyk R.196/50: Pretorius aan "den Christelyke Gemeente," d.d. 26 Feb.1850 - Transvaalse Argiefstukke,1850-1853, bl.8).

[197] Vgl. Wichmann: t.a.p., bl.95.

[198] Volksraadsnotule, Lydenburg, artt.31 en 32, 24 Mei 1850. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bl.132).

en sou duur tot op 15 Januarie 1851, op welke datum 'n Volksraads- en volksvergadering te Elandsrivier sou plaasvind. Die laasgenoemde vergadering is belê met die doel

"om als dan zoodanige maatregelen te neemen die tot bestwel van land en volk strekken kan en tot wederzydsche tevredentheid onder het publiek."

Op aandrang van die teenwoordige publiek het die Volksraad besluit om weereens aan die inwoners van die Republiek die geleentheid te gee om hulle teen of ten gunste van 'n kommandant-generaal onder gesag van die Volksraad uit te spreek, en indien wel, om op gemelde datum deur middel van kieslyste bekend te maak wie hulle tot die amp verkies. Die kommandant-generaal sou intussen optree ooreenkomstig die Instruksie wat deur die Natalse Volksraad neergelê is.[200)]

Verder is besluit dat alle persone en partye

"die kwessies met elkander hebbe"

op 15 Januarie 1851 voor die Raad moes verskyn, gewapend met getuies en dokumente. Ná die datum sou geen klagtes meer aanvaar word nie maar sou alle sake deur 'n hof beslis moes word.[201)]

12. Volk ten gunste van permanente Kommandant-generaal. Aanstelling van vier Kommandante-generaal deur die Volksraad.

Toe die ingekome memories te Elandsrivier ondersoek is, het dit geblyk dat die meerderheid ten gunste van 'n permanente kommandant-generaal was. Sommige verklaar dat hulle vir Pretorius as

"blyvende ginneraal ... onder het gezag van den Ed. Raad"

wou hê;[202)] ander sien die volstrekte noodsaaklikheid in

"dat er een Commandant generaal moete bestaan onder instruktie van de Ed. Volksraad;"[203)]

nog ander skrywe op 22 Desember 1850 aan Pretorius dat

---

199) Wichmann: a.w., bl.95; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.87.

200) Volksraadsnotule, Potchefstroom, artt.2 en 4, 16 Okt. 1850. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bll.146-147). Alle burgers ouer as 15 jaar kon hulle stem uitbring (ibid.,art.3).

201) Ibid., art.5.

202) V.R.128/50. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bylaag 30c/1850, bl.348).

203) V.R.137/50. (Ibid.,bylaag 30g/1850, bl.352).

"het bent by onst onbekend wat lant of volk ken bestaan zonder een opperhooft."[204]

Die Volksraad het die ondersoek van die memories nie self onderneem nie, maar om

"de verdeeltheeden en tweedragt die er nu in na deze magt voorkomen die door de meerderhyd der looten zeeker ontevredenheyd zoude veroorsaken, is de Raad overgegaan om een plan te vinden om alle parteyen, zoo van het publiek en Commandanten en Veldcornets, (te vrede te stellen, en) heeft 't ter overwegenge en beraming in handen van den 2 Landdrosten, Commandanten en Veltcornets met genoegen der tegenwoordigen publiek gegeeven."

Die krygsraad kon, na deeglike oorweging van die memories geen beter middel gevind het as om die benoeming van vier kommandante-generaal, almal gelyk in rang, elkeen vir 'n bepaalde gedeelte van die Republiek, aan te beveel nie. Hierdie aanbeveling is deur die Raad goedgekeur.[205] Die aanstellings was as volg: W.F.Joubert vir Lydenburg, A.H.Potgieter vir Zoutpansberg, A.W.J. Pretorius vir Magaliesberg, Mooirivier en 'n gedeelte van Marico en J.A.Enslin vir 'n gedeelte van die Marico-bewoners wat hom as sodanig verkies het,[206]

"dog wel te verstaan alle onder het gesag en instruktties van den Eedele Volksraad."

Die benoeming van vier kommandante-generaal het niks met 'n idee van territoriale verdeling van die Transvaalse Republiek te doen gehad nie, maar

"was bloot en alleen 'n politieke redmiddel uit lastige partyskappe, wat ... sy oorsprong en bestaansrede gevind het in die volg nie soseer van beginsels of begrippe nie as van persone, op presies dieselfde wyse en om dieselfde redes as waarom voorheen getrag werd om die moeilikheid te besweer deur die pos van Kommandant-generaal tydelik af te skaf." [207]

---

204) R.246/50: (Transvaalse Argiefstukke,1850-1853, bll. 55-56).

205) Volksraadsnotule, Elandsrivier, artt. 3 en 4, 15 Jan. 1851. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bl.4).

206) Enslin was die kandidaat van 'n godsdienstige groep in Marico - die sg. Jerusalem-gangers (Engelbrecht: Staatkundige Strominge in Transvaal in die jare 1836-1857.- Hervormde Teologiese Studies, jrg,5, afl.3, bll.16-17). Kyk ook Engelbrecht se artikel oor die Jerusalem-gangers in Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1947.

207) Preller: Andries Pretorius, bll.407-408; Vgl. ook Wichmann: a.w., bl.96; Krüger: a.w., bll.115-116).

Vir die Volksraad was hierdie besluit 'n tydelike oplossing van 'n probleem waarvoor hulle nou in alle erns te staan gekom het. Die volk wou 'n leier gehad het; die noodsaaklikheid daarvan is terdeë besef; die Volksraad het sy gesag bedreig gevoel en om aan die begeerte van die volk toe te gee en terselfdertyd te voorkom dat te veel mag in die hande van so 'n leier gekonsentreer word, is die oplossing gesoek in 'n verdeelde leierskap. Dit het die posisie van die Volksraad beslis verswak want hulle het nou eenmaal erken dat daar 'n behoefte aan 'n leier was, en deur die aanstelling van persone in daardie hoedanigheid, het hulle nie alleen die leierskapsbeginsel versterk nie,[208)] maar het hulle ook die weg geopen vir die sentralisasie van die bestuur van die Republiek.[209)]

Potgieter wat homself nog altyd as hoofkommandant beskou het,[210)] het ten spyte van herhaalde kennisgewings van die Volksraad nooit opgedaag om sy ampseed af te lê nie.[211)] Eers op 20 Maart 1852, drie dae nadat die Sandrivier-konvensie deur die Volksraad goedgekeur is, het hy die ampseed op Rustenburg afgelê.[212)] Intussen het die Volksraad in Potgieter se uithoek ook so goed as geen gesag uitgeoefen nie,[213)] Kommandante-generaal Enslin en Joubert was in hulle onderskeie omgewings waarskynlik invloedryke leiers, maar in die Transvaalse staatkunde het hulle geen rol gespeel nie. Pretorius het dus alleen oorgebly en dit sou hy wees wat as kommandant-generaal, in welke hoedanigheid hy weereens baie sterk die terrein van staatshoof betree het, oor die belange van die Republiek sou waak, en deur wie se toedoen Engeland die onafhanklikheid van die Transvaalse Republiek sou erken.

13. <u>Kommandant-generaal Pretorius se nie-amptelike optrede as staatshoof van Transvaalse Republiek</u>.

Direk na sy benoeming as kommandant-generaal het Pretorius dit as sy plig geag om sekerheid te kry aangaande die suidelike grens van die Republiek. Hoe-

---

208) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.88.

209) Wichmann: a.w., bl.96.

210) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860. (Historiese Studies, Des.1944, bl.205).

211) Ibid., bl.243; Krüger: a.w., bl.116.

212) Volksraadsnotule, Rustenburg, art.33, 20 Maart 1852. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bl.64).

213) Krüger: a.w., bl.116.

wel die Volksraad al verskeie kere in sy besluite geinsinueer het dat die Vaalrivier die suid-grens van die Republiek was,[214] was die 26ste graad S.B. die deur die Volksraad amptelik vasgestelde grens. Die Volksraad het in die Instruksie wat aan kommandant-generaal Pretorius uitgereik is, ook dié suiderbreedtegraad as grens van die Republiek neergelê. Op 3 Februarie 1851 skrywe Pretorius aan die Volksraad dat hy in sy Instruksie merk dat hy ten noorde van die 26ste graad as kommandant-generaal aangestel is en vra hy

> "ernstig van den Edele Volks Raad waar ben den 26 graad waar ik den vyand staate aftekeeren zonder my schuldig te maaken aan myn eed en plig. Ben niet den Vaalrivier een bepaalde lyn door den vyand selfs en sal ik hem den selftde door doen gaan?"[215]

Die hoogste regeringsliggaam het 'n uiters patetiese antwoord op hierdie vraag gegee:

> "UEd. vraagd waar den 26ste graad is. Het is UEd. bekend dat den WEd. Raad zelven zeer verlangende is om dat stellig te kunnen bepalen, maar dit vereischt geld en UEd. weet dat wy onvermogend zyn, maar wanneer het publiek ons willen behulpzaam zyn, en gelden wil opbrengen om de kosten te betalen, dan zullen wy hem spoedig genoeg opzoeken en uitvinden, maar tot zoolang moet UEd. hoe duister de instruktie ook mogen zyn hierin berusten en in het geheel allen aanlyding tot onaangenaamheden over de Vaalrivier tegengaan en ten stelligsten beletten." 216)

Met so 'n antwoord van die hoogste regeringsliggaam kon Pretorius onmoontlik nie tevrede wees nie. Van die kant van die inwoners van die Republiek het daar ook ernstige beswaar teen die denkbeeldige en onbekende grens gekom,[217] sodat die Kommissieraad wat deur Pretorius byeengeroep is, moes besluit ten einde

> "alle ontevredenheid weg te ruimen, den bovenstaande 26 graad wegteneemen en in plaats van dien te benoemen de thans bestaande lyn, of liever benoorden de Vaal Revier." 218)

---

214) Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.22, 23 Jan.1850. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bl.115).

215) V.R.154/51: Pretorius aan Volksraad, d.d. 3 Feb.1851. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bl.203).

216) Volksraad aan Pretorius, d.d. 15 Feb.1851. 'n Kopie van die brief is opgeneem in Kommissieraadsnotule, Lydenburg, art.5, 15 Feb.1851. (Ibid., bl.21).

217) V.R.156/51: Memorie aan Volksraad, d.d. 1 April 1851. (Ibid.,bylaag 7/1851, bl.204).

218) Kommissieraadsnotule, Magaliesberg, 30 Mei 1851. (Ibid., bl.33).

Pretorius het nie alleen in die plek van 'n staatshoof getree nie, maar hy is ook as sodanig erken. Nog voor hy op 16 Oktober 1850 as tydelike kommandant-generaal aangestel was, het inwoners van die Republiek briewe aan hom gerig waaruit duidelik blyk dat hy in uitvoerende hoedanigheid, met of sonder opdrag van die Volksraad opgetree het.[219] Op 30 Augustus 1850 het Pretorius namens die verenigde lichaam der Emigrante Boeren 'n vredesverdrag met Willem Schirjoen, kaptein van die Korannas, gesluit.[220] Na sy benoeming as permanente kommandant-generaal in Januarie 1851, rig A.I.Wagner vanuit Potchefstroom 'n brief aan Pretorius waarin hy laasgenoemde

"als zynde hoofd dezes lands"

wil raadpleeg alvorens hy sekere stappe doen.[221] Kommandant J.J.Jacobs van Rietfontein beskou Pretorius as sy hoof en regter en versoek hom namens die publiek om onmiddellik daarheen te kom vanweë moeilikhede en die aldaar heersende rustelose toestande.[222] Op 25 Augustus het 169 burgers van Tafelberg, distrik Wittebergen, hom in kennis gestel dat hulle op 'n byeenkoms besluit het

"UWelEd. te kiezen en op te roepen tot onzen Generaal Hoofbesstierder."[223]

Hierdie laaste brief, sowel as ander vanoor die grense van die Republiek, toon dat Pretorius ook buite die Republiek as staatshoof beskou is.[224]

Gelyktydig met die toenemende erkenning van die gesag van Pretorius, was die gesag van die Volksraad vinnig besig om te kwyn, en het die kommissieraadstelsel, wat eintlik bedoel was om in die plek van die uitvoeren-

---

219) Vgl. bv. R.233/50: A.P.van Wyk aan Pretorius, d.d. 9 Okt. 1850. (Transvaalse Argiefstukke,1850-1853, bl.46).

220) R.228/50: Vredesverdrag tussen Pretorius en Schirjoen, d.d. 30 Aug.1850. (Ibid.,bl.42).

221) R.257a/51: Wagner aan Pretorius, d.d. 20 Maart 1851. (Ibid., bl.67).

222) R.298/51: Jacobs aan Pretorius, d.d. 1 Aug.1851. (Ibid., bl.99).

223) R.311/51: Kennisgewing van bewoners van Tafelberg aan Pretorius, d.d. 25 Aug. 1851. (Ibid., bl.108). Die brief kom uit die Oranjerivier-soewereiniteit.

224) Vgl. bv. R.308/51: Van der Colff (namens Moshesh) aan Pretorius, d.d. 22 Aug.1851; R.333/51: Volmag van Moshesh aan Van der Colff.(ibid., bll.107 en 131); Soutter-versameling, Pakkie 5, no.4.

de gesag te tree, tot groot wanorde en misverstand aanleiding gegee vanweë teenstrydige besluite wat in verskillende oorde en by verskillende geleenthede oor dieselfde sake geneem is.[225)]

In sy onderhandeling met die Engelse outoriteite wat op die onafhanklikheidserkenning van die Transvaalse Republiek uitgeloop het, het Pretorius met albei voete op die weg van staatshoof getree, en as sodanig heelwat teëstand in Transvaal uitgelok.

Pretorius, wat as aanvoerder van die versetbeweging ten noorde van die Oranjerivier in 1848 opgetree het, en wat nog altyd oortuig was dat met die Engelse onderhandel moes word oor die totstandkoming van 'n onafhanklike Boere-republiek, was in 1851 al 'n geruime tyd in aanraking met die Britse outoriteite, sonder voorkennis van die Transvaalse Volksraad. Hoewel sy optrede hoofsaaklik na aanleiding van die anneksasie van Transoranje plaasgevind het, het Pretorius ongetwyfeld ook die onafhanklikheidserkenning van die Transvaalse Emigrante in gedagte gehad.

Op 18 Junie 1850 het hy aan die Britse Resident in Bloemfontein 'n brief geskrywe waarin hy hom in kennis stel dat hy voornemens was om 'n versoekskrif aan die Britse parlement te rig, waarin hy 'n paar onpartydige kommissarisse wou vra

> "ter beslissing van den kwessie van 1848 en later tusschen de Emigranten en het Brits Gouvernement, opdat een einde moge koome aan alle ongenoege en misverstand die reeds plaatsgevonden heeft, en nog mogte plaats vinde door kwaadgezende perzoonen, die geduurig tragten onlusten te verwekke."

Hy versoek Warden om hom hierin geen hindernis in die weg te lê nie en beloof hom dat sy optrede met niks anders in verband sou staan wat tot ongenoeë aanleiding sou kon gee nie.[226)]

Hierdie brief het voortgespruit uit 'n vroeëre briefwisseling van Pretorius met die Kaapse Goewerneur, via Warden, oor die wanordelike toestande wat in die Oranjerivier-soewereiniteit geheers het.[227)]

---

225) Kyk Wichmann: a.w., bl.99; Van Heerden: <u>Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R.</u>, bl. 91.

226) R.215/50: Pretorius aan Warden, d.d. 18 Junie 1850. (<u>Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853</u>, bl.30).

227) Preller: <u>Andries Pretorius</u>, bl.373. Vgl. o.a. die besluit van die Lydenburgse Volksraad, 23 Mei 1850. (Kyk hierbo bl.142).

Aan die begin van 1851 het die Volksraad waarskynlik geweet van Pretorius se bemoeiinge in die sake oorkant die Vaalrivier, en dit, gepaard met gerugte dat Transvaal vir Engeland nie te gerus moes wees nie, het aanleiding gegee tot besluite wat geneem is met betrekking tot die Transvaalse houding teenoor Soewereiniteitsake en teenoor die Britte,[228)] terwyl Potgieter alreeds op 15 April 1850 vir Pretorius gewaarsku het om hom van enige bemoeiing met die Britse regering te weerhou.[229)]

Die Vrystaatse oë was op Pretorius gerig. In Augustus is hy deur 'n aantal Winburgers gekies as Generaal Hoofbestierder.[230)] Vanweë die onluste in die Oranjerivier-soewereiniteit en die onvermoë van Warden om die Basoeto-gevaar die hoof te bied, het die Boere van dié gebied besluit om self met Moshesh in onderhandeling te tree,[231)] maar hulle het 'n leier gekort en Andries Pretorius was die aangewese persoon. Op 30 Julie 1851 het Moshesh aan Pretorius laat weet dat hy en die Emigrante vrede gesluit het en deel hy ook aan Pretorius die afloop van die Viervoet-geveg, waarin Warden die aftog moes blaas, mee. Verder word ook die Basoetos se voorneme om die Engelse die land uit te jaag bekend gemaak.[232)]

Pretorius het gevoel dat die geleë oomblik om met die Engelse te onderhandel, aangebreek het. Op hierdie stadium was hy egter 'n amptenaar van die Transvaalse Republiek, wat nie op eie houtjie buite die grense van die staat kon optree nie. Aan die ander kant het Pretorius ook in hierdie omstandighede die gulde geleentheid gesien om die Transvaalse onafhanklikheidsaak te dien en het hy ook waarskynlik gevoel dat as hy met die goedkeuring van die Transvaalse Republiek met die Engelse kon onderhandel, hy met soveel meer gesag kon optree.[233)]

---

228) Kommissieraadsnotule, Lydenburg, art.5, 15 Feb.1851. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bl.21).

229) R.206/50: Potgieter aan Pretorius, d.d. 15 April 1850. (Transvaalse Argiefstukke,1850-1853, bl.21. Vgl. ook O.R.S.31, no.9; Theal:Records of Basutoland I,bl.433.

230) R.311/51 (Kyk hierbo, voetnoot 223).

231) Vgl. Wichmann: t.a.p., bl.103.

232) R.297/51: Moshesh aan Pretorius, d.d. 1 Aug.1851. (Transvaalse Argiefstukke,1850-1853, bl.98). Vgl.ook R.315/51: V.d.Colff aan Pretorius, d.d. 3 Sept.1851; R.342/51: ibid., d.d. 22 Nov. 1851. (Ibid., bll.111 en 139 onderskeidelik).

232) Vgl. ook Wichmann: a.w., bl.105.

Pretorius het net een uitweg gesien en dit was om van sy bevoegdhede gebruik te maak en 'n Volksraadsvergadering byeen te roep. Hierdie vergadering moes op 8 September 1851 te Rustenburg plaasvind. Aan dié liggaam sou hy dan die versoeke om hulp wat hy vanuit die Soewereiniteit ontvang het, voorlê en van hulle verlof vra om in belang van die Trekkersaak op te tree.

Op 8 September was daar tot Pretorius se grootste teleurstelling geen voltallige Volksraad byeen nie want die Lydenburgers het nie opgedaag nie, maar hy was vasbeslote om met sy voorgenome planne aan te gaan. In die afwesigheid van sommige Volksraadslede, het die aanwesige publiek, die Landdros van Rustenburg en die Krygsraad, wat onder leiding van Pretorius gestaan het, besluit om self aan landsake aandag te skenk. Op die vergadering wat gevolg het, was die ongenoeë met die nie-verskyning van sommige Volksraadslede so groot dat allerlei dreigemente teen die Volksraad kwytgeraak is.[234] Nadat Pretorius sy saak gestel en die nodige dokumente voorgelê het, is besluit om vir Pretorius

> "als onsser afgesant (te benoemen) met dese twee heeren die mede eene stem zullen hebben in alle voorkomende zake, genaamt ....,[235] vergeselt met eenige der publiek, om te gaan naar dien gewesten om te zien met rype oorweegeng ofte aldaar den zaak tot vreede kunnen bewerken in beslissen tusschen ons alhier in het Britsche Goufernement, in verder met alle opperhoofde aldaar, om voor te komen het ongeluk van verwoesting en vergieting van zoo veele bloet, dien anderzints er door konnen worden vergoten, om alzoo een duursame vreedenschikking tusschen ons en den Britsche Goufernement te treffen, dat wy vrey in onafhankelyk onder ons bestier en regering blyfe leven, en eenen vreye handel over in weder en andere termen, dien bestaanbaar is, dien moge voorkomen, te beslissen, doch de vryheid niet uit het oog te verliezen."[236]

Te oordeel na hierdie besluit het Pretorius sy voorneme op die vergadering te kenne gegee om met Brittanje oor die erkenning van die Transvaalse onafhanklik-

---

[234] V.R.182/51: D.L.Hattingh aan Volksraad, d.d. 24 Okt. 1851. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bylaag 33/1851, bl.238).

[235] Die name van die lede is nie ingevul nie.

[236] R.319/51: Instruksies van Krygsraad en publiek aan Pretorius, d.d. 8 Sept.1851. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bl.114). Kyk ook Soutter-versameling, Pakkie 3, no.3: Oorspronklike Notule van die Krygsraad, 8 Sept.1851. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bll. 235-237), waar die besluit nie so sterk bewoord is nie.

heid te onderhandel en het hy die nodige toestemming daartoe ontvang. Die besluit toon ook baie duidelik welke rol Pretorius op hierdie vergadering gespeel het en welke mate van invloed hy onder die burgers van veral die westelike gedeelte van die Republiek gehad het.

Op die vergadering is ook besluit om die Volksraad aan te skryf om op 'n nog te bepale datum voor 'n bevoegde geregshof op Rustenburg verantwoording te kom doen en om die 26ste graad S.B. as suidelike grens van die Republiek op te hef. Dit is ook besluit dat die Volksraad intussen

> "niet geregtigd zyn eenige transactie in te gaan met eenige uitheem(sche) of inlandsche mogentheeden"

voordat hulle nie eers genoemde verantwoording gedoen het en sodanige transactie deur die publiek goedgekeur en bekragtig is nie. Voorts

> "zal de Volksraad geen besluiten of bevelschrifte moge vervaardige het belang der publiek behelzende; alle werkzaamheden van de Volksraad zal dadelyk ophouden, exep het verdedigen van hun leven en eigendommen die door den Raad zal moge worde in overweging genoomen en desverkiezende van het publiek aldaar over beschikt."

Aan die Krygsraad is opdrag gegee om intussen

> "werkzaam te zyn in alle inkoomende zaaken tot welzyn van land en volk,"

terwyl die bestaande landswette van krag sou bly en te alle tye verbeter sou kon word. Die Krygsraad wat die regering van die land intussen sou behartig, sou bestaan uit die Kommandant-generaal, kommandante en veldkornette. Twaalf gezworende krygsoffisiere sou 'n volle krygsraad uitmaak

> "en de 3de deel stemmen zal decideeren,"

terwyl die Kommandant-generaal met vyf gesworene offisiere 'n kommissie-krygsraad sou vorm om aan alle dringende sake aandag te skenk.[237)]

Dit is inderdaad besonder wye magte wat hierdie vergadering aan Pretorius wou verleen, want prakties het dit daarop neergekom dat absolute vrye teuels aan hom in binne- sowel as buitelandse sake gegee is, terwyl die Volksraad geheel en al buite werking gestel is.

---

[237)] Soutter-versameling, Pakkie 3, no.3 (kyk hierbo, voetnoot 236). Vgl. ook V.R.180/51: Notule van Krygsraad en publiek, d.d. 8 Sept.1851. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bylaag 31/1851, bll.232-235).

Indien die besluite die goedkeuring van die Transvaalse burgers sou weggedra het, sou Pretorius daardeur tot 'n volmondige outokratiese heerser verhef gewees het. Hoewel die besluite deur 'n klein gedeelte van die publiek van die Republiek geneem is, sou dit verreikende gevolge hê op die konstitusionele ontwikkeling van die staat en sou dit Pretorius in staat stel om met sy voorgenome optrede voort te gaan.

Die besluite van die vergadering moet nie as 'n poging gesien word om die mag van die Volksraad te vernietig of om die liggaam totaal van die toneel te laat verdwyn nie, maar veeleer as 'n maatreël tot onmiddellike en besliste optrede met die oog op dringende omstandighede.[238)] As die Volksraad in sodanige omstandighede nie wou optree nie, moes 'n ander plan beraam word.

Direk na die vergadering van 8 September het Pretorius kragtens die gesag wat aan hom verleen is, opgetree en op 9 September skrywe hy 'n brief aan Warden waarin hy hom meedeel dat hy deur die Winburgers gevra is om as bemiddelaar tussen hulle en Moshesh op te tree, maar dat hy 'n goeie en vreedsame verhouding met die Britse regering wou bewaar, waaroor onderhandel sou word as hy in die Soewereiniteit arriveer.[239)] Op dieselfde datum het hy ook 'n brief aan die Winburgers gerig, waarin hy o.a. kennis gee dat hy hoop om teen 16 Oktober 1851 in die Soewereiniteit te wees.[240)] Die verwagte koms van Pretorius, gesterk deur allerlei ander gerugte, het vir Warden glad nie op sy gemak laat voel nie.[241)] Van Pretorius se voorgenome besoek aan die Soewereiniteit het egter op hierdie stadium niks gekom nie.[242)]

Die Britse kommissarisse, deur wie Pretorius se saak ook ondersoek sou word,[243)] het in November in Bloemfontein aangekom en Pretorius is van hulle koms in

---

238) Vgl. Wichmann: a.w., bl.100.

239) O.R.S.31, no.9. Kyk ook Wichmann: t.a.p., bl.105.

240) O.R.S.31, no.163. Kyk ook Wichmann: ibid.

241) Kyk Wichmann: a.w., bll.105-106.

242) Ibid. bl.105.

243) R.341b/51: Uittreksel uit brief van kol. Garvock aan Warden, d.d. 27 Okt. 1851. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bll.137-138).

kennis gestel.[244] Blykbaar op dieselfde dag toe hy die kennisgewing van Warden ontvang het,[245] het hy weer met die Volksraad in verbinding getree en aan hulle geskryf:

> "Ik heb uit koerenten als mede uit prifaten beregten vernomen, dat er in Engeland eén zoort van samenspraak der menister(s) was ons en besit te neemen tot aan de euquator of middellyn van Africaa, als mede dat de Britsch Gouvernement den kaffers tegen ons moet opryen, en hun tegen ons en verbintenis bringen ... Daar toe hebbe wy op den 10de der aanstaande maand een algemeene byeenkomst belegt op de Kerksplaats Rustenburg, waar wy hoope elk vryheidsliefent perzoon te zien om met eensgezendheid rype plannen te beramen en helpe daar stelle tot algemeene vyligheid, alwaar ik alle documenten zal vertoonen. Wy hoop ook dat ulieden hier aan zullen deelneemen en op kommen. Ook geef Majoor Warden voor genegen te zyn met de Emigranten en goede verstandhouding te treeden, en veel meer andere beregten, die ik wenste voor het geheel publiek te legge."[246]

Die toon van hierdie brief is opmerklik. Pretorius het dit geskryf soos 'n staatshoof dit sou doen en nie soos dit 'n ondergeskikte amptenaar van die Volksraad betaam het nie. In die brief staan daar niks van 'n versoek om sekere sake aan die Volksraad voor te lê nie, maar dit is slegs 'n baie besliste kennisgewing aan die lede van die Volksraad dat so 'n volksvergadering belê is en dat gehoop word dat hulle ook daar teenwoordig sou wees. Pretorius het hier geheel en al in die gees van die besluite van 8 September gehandel. Met die Volksraad het hy op hierdie stadium niks meer te doen gehad nie want hy sou sy opdragte van die volk ontvang, en die kennisgewing was blykbaar alleen bedoel om hulle die geleentheid te gee om <u>sy</u> vergadering by te woon indien hulle dit sou verkies. Pretorius het sy planne gereed gehad; sy hele beleid was agtermekaar; al wat hy nog verlang het, was 'n formele goedkeuring vir sy voorgenome optrede en dit sou hy van die volk vra. Die Volksraad het egter weereens nie die geleentheid

---

244) Wichmann: a.w., bl.107.

245) R.338/51: Pretorius aan Warden, d.d. 10 Nov.1851. (<u>Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853</u>, bl.134).

246) R.339/51: Pretorius aan Volksraad, d.d. 10 Nov. 1851. (Ibid., bll.134-135). Ook V.R.183/51: Pretorius aan Volksraad, d.d. 10 Nov. 1851. (<u>S.A. Argiefstukke</u>, Tvl., no.2, bylaag 34/1851, bl. 239).

om verlore terrein te herwin te baat geneem nie en het van die vergadering van 10 Desember weggebly. Weliswaar het hulle aan landdros Lombaard van Potchefstroom kennis gegee dat 'n Volksraadsvergadering op 12 Januarie 1852 te Rustenburg gehou sou word, by welke geleentheid Pretorius tot verantwoording geroep sou word.[247)]

Die vergadering wat op 10 Desember gehou sou word, het op 8 Desember te Rustenburg plaasgevind, waar die publiek en die Krygsraad onder leiding van Pretorius besluit het om Pretorius se handelswyse om met die Britse kommissarisse in onderhandeling te tree, goed te keur. Op Pretorius se versoek het hulle nog 12 persone gekies om saam met hom en die ander gevolmagtigdes aan die onderhandelinge deel te neem.[248)] In hierdie besluite is die Volksraad nie eers genoem nie en die gevolmagtigdes is gelas om na afloop van die onderhandelinge verslag te doen aan

> "de byde Hoften van Landdrosten met 6 Heemraden uit byde destrekten en 12 Juiries."

Nou was Pretorius gereed om die onderhandelinge voort te sit, nadat hy en sy mede-afgevaardigdes die voorgeskrewe eed afgelê en onderteken het.[249)]

Indien die saak nie so dringend was nie, sou Pretorius met die onderhandelinge waarskynlik gewag het tot na die Volksraadsitting van 12 Januarie 1852. Op 13 Desember 1851 het hy naamlik 'n brief aan die voorsitter van die Volksraad gerig waarin hy meld dat aangesien daar twee kommissarisse in Bloemfontein aangekom

---

247) R.346a/51: Volksraad aan landdros Lombaard, d.d. 29 Nov.1851. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bll.142-145); Wichmann (a.w., bl.105) stel hierdie brief i.v.m. Pretorius se kennisgewing aan die Volksraad op 10 Nov.1851. Volgens die inhoud van die brief skyn dit egter nie die geval te wees nie.

248) R.352/51: Notule van Krygsraadsvergadering en Publiek, 8 Des.1851. (Transvaalse Argiefstukke,1850-1853, bll.148-149).

249) V.R.194/51: Eedsformulier. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bylaag 41/1851, bll.244-245). Die eed lui: "Wy ondergeteekende zweere pligtig dat wy volstrek naar onze vermogen aan den aan ons toevertrouwde zaak, onze pligten zal behartigen, en dat wy ons niet door vreest of bedrygeng zullen late vervoere of afbringen, maar tot onze vryheid handele het geen aan ons is toevertrouwd, dat wy ons van onze vryheids doel niet zal late afbringe, nog door vlyengen nog door belofte of giften, maar dat wy niets anders in het oog hebbe te doen dan voor heil, geluk en vyligheid voor land en volk.
Zoo waarlyk helpe my God Almachtig."

het,

"die belast zyn met ons een vrede schikking en goede verstandhouding in te gaan, doet wy UEd. deze nareg, terwyl wy dit ook voor uwe belang beschouwde om met ons in dien verhandeling te deele. De tyd komt on(s) kort voor, het zal misschien geen uitstel lyden kan tot na de bepaalde Raadzitting te Rustenburg, zoo dat twee afgevaardigde van uwe zyde na myn inzien voldoende zullen weezen."[250]

Verder maak hy hulle ook met ander besonderhede omtrent die voorgenome onderhandelinge bekend. Van hierdie aanbod het die Lydenburgse Volksraadslede egter nie gebruik gemaak nie, hoewel die Lydenburgse publiek veertien persone onder leiding van kommandant-generaal W.F.Joubert gestuur het om saam met Pretorius na die onderhandelinge met die Britse kommissarisse te gaan.[251] Die hele onderhandelingskwessie het vir Potgieter nie aangestaan nie en hoewel dit nie sy goedkeuring weggedra het nie, het hy in 'n brief tot versigtigheid gemaan.[252]

Op 11 Desember 1851 het Pretorius vir Warden in kennis gestel dat hy en die ander gevolmagtigdes gereed was en wens hy te verneem waar en wanneer hulle die kommissarisse kon ontmoet,[253] maar hy het kort daarna van ds. Murray vanuit Bloemfontein verneem dat die kommissarisse 'n geruime tyd daar sou bly,[254] sodat daar geen haas was om die byeenkoms te hou nie. Ds. Murray het hom ook die versekering gegee dat die moontlikheid baie groot was dat die onderhandelinge sou slaag.

Dit is duidelik dat op hierdie stadium niks en niemand meer vir Pretorius kon keer nie. Sy persoonlike invloed en sy vasberadenheid om die onafhanklikheid van die Republiek erken te kry, het steeds toegeneem. Landdros Lombaard, ook 'n amptenaar van die Volksraad, het nadat hy alles deeglik ondersoek het, sy landgenote aangeraai om

---

250) V.R.188/51: Pretorius aan Volksraad, d.d. 13 Des. 1851. (Ibid., bylaag 36/1851, bll.240-241).

251) Wichmann: a.w., bl.108.

252) R.358/51: Potgieter aan veldkornet Minnaar, d.d. 24 Des.1851. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bll. 153-154). Potgieter onderteken hierdie brief ook nog as hoofkommandant en bestierder. Kyk ook Wichmann: t.a.p., bll. 149-150).

253) R.353/51: Pretorius aan Warden, d.d. 11 Des.1851. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bll.149-150).

254) R.359a/51: Ds. Murray aan Pretorius, d.d. 17 Des. 1851. (Ibid., bl.58).

"uwe Generaal en offezieren"

trou by te staan, en

"help en ondersteun haarle en zaaken van reg en geregtigheid."[255)]

Op 10 Januarie 1852 het die Volksraad op Potchefstroom vergader, waar die afgevaardigdes na Sandrivier onderweg was. Blykbaar het die Volksraad besef dat hulle Pretorius nie meer sou kon keer nie en dat dit vir hulle gesag fataal sou wees as Pretorius in die onderhandelinge sou slaag, want dít sou Pretorius in 'n besonder sterk magsposisie teenoor hulle stel. Omdat die Volksraad nie voltallig was nie, is oudergewoonte die ontbrekende getal aangevul uit die aanwesige publiek. Daarop het die Volksraad met die Krygsraad

"door de dringendste omstandigheeden"

verenig om

"de aan begonne werkzaamheden van den E.Krygsraad en publiek om tot goede verstandhouding te geraken met het Brits Goevernement, autoriseer en keure goed de genoemde volmagtigde Heeren ...."

En dan volg die byna lagwekkende besluit:

"Zoo is ... bepaald en vastgesteld dat de bovenstaande Volksraad zal blyve en erkent worden als de Hoogst gezag en regeringsvorm, en dat voorts de afgevaardigde, met hunne terugkomst behoorlyk verslag zal doen van hunne verrigtingen voor een volle Raad die tot dien einde zal opgeroepen worden."[256)]

Pretorius kon nou as behoorlik gevolmagtigde vertrek, en die Volksraad was tevrede omdat dit met hulle toestemming en goedkeuring sou geskied.

Op 17 Januarie 1852 het Pretorius en sy medeafgevaardigdes saam met die Britse kommissarisse die Sandrivier-konvensie onderteken, waardeur die onafhanklikheid van die Transvaalse Republiek benoorde die Vaalrivier erken is, en daarmee is die kroon geplaas op die arbeid van die ongekroonde staatshoof, Andries Pretorius.

Na sy terugkeer in die onafhanklike Trekkerstaat, die eerste werklik onafhanklike staat sedert die begin van die Groot Trek, was daar in sommige kringe nog min waardering vir die werk van Pretorius. Op 4 Maart 1852 het Stephanus Schoeman sy ongenoeë met die verrig-

---

255) R.349/51: Landdros Lombaard aan Pretorius, d.d. 7 Des. 1851. (Ibid., bll.146-147).

256) Volksraadsnotule, Potchefstroom, 10 Jan.1852. (<u>S.A. Argiefstukke</u>, Tvl., no.2, bll.51-52).

tinge van Pretorius te kenne gegee in 'n brief aan veldkornet T.Dreyer en het hy aan hom opgedra om toe te sien dat alle persone op 16 Maart op Rustenburg teenwoordig moes wees, sodat aan die ontevredenheid lug gegee kon word.[257] Op 13 Mei 1852 het Potgieter die Volksraad in kennis gestel dat hy die Britse regering graag sou wou laat weet dat hy aan die onderhandelinge geen deel gehad het nie.[258] Die spanning tussen Pretorius en Potgieter het so ernstig geword dat die Volksraad in Maart nie by magte was om die saak op te los nie, en dit aan die krygsrade van die twee Kommandante-generaal moes oorlaat.[259] Toe hulle die saak eers in die reine gebring het, kon die Volksraad oorgaan tot bekragtiging van die Sandrivier-traktaat.

Pretorius het die ideaal wat hy baie lank gekoester het verwesenlik gesien. Ten spyte van heftige opposisie en pynlike verdagmakery, het hy die weg van staatshoof betree en het hy vir die inwoners van die Transvaalse Republiek dít, waarna almal reikhalsend uitgesien het, verkry, naamlik die erkenning van hulle vryheid en onafhanklikheid. Met die ondertekening van die Sandrivier-konvensie loop die Groot Trek dan ten einde, want 'n vaderland, waar die Trekkers hulle kon vestig, was verseker.[260] 'n Nuwe tydperk sou weldra aanbreek, naamlik dié van staatsvorming, waarin M.W.Pretorius die werk van sy vader sou voortsit. Die werk wat Andries Pretorius ten behoewe van 'n staatshoof aangevoor het, sou ook ten einde loop met die verkiesing van sy eie seun as eerste president van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

---

257) R.385/52: Schoeman aan Dreyer, d.d. 4 Maart 1852. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bll.187-188). Kyk ook Kommissieraadsnotule, Lydenburg, 14 Feb. 1852. (S.A.Argiefstukke, Tvl.,no.2, bl.53).

258) V.R.212/52: Potgieter aan Volksraad, d.d. 13 Mei 1852. (S.A. Argiefstukke, Tvl., no.2, bylaag 19/1852, bll. 328-329).

259) Volksraadsnotule, Rustenburg, art.2, 17 Maart 1852. (Ibid.,bl.55). Vir volledige besonderhede i.v.m. die ontvangs wat die Sandrivier-traktaat in Transvaal te beurt geval het, kyk Wichmann: a.w., bll.112-117; Preller: Andries Pretorius, bll.438-443.

260) Vgl. Van der Walt: Die Groot Trek tot 1838. (Geskiedenis van S.A.I, bl.277): "Die Groot Trek was in sy wese die eerste groot mobilisasie van 'n deel van die Afrikanervolk met 'n weloorwoë en goed begrepe doel: die stigting en uitbou van 'n vrye en staatkundig onafhanklike staat, waarin hulle volgens eie tradisies en onder eie wette kon leef."

Net soos in Natal het die Volksraadsregering in Transvaal ook nie daarin geslaag om iets vir die staatsvorming en staatsintigting tot stand te bring nie. ŉ Noukeuige studie van die Notule van die Volksraad toon dat kosbare tyd in beslag geneem is deur besprekings van beuselagtighede en deur die stryd wat hulle teen die Hoofkommandant of Kommandant-generaal moes stry; ŉ stryd teen ŉ gesag wat noodsaaklik was, maar waarvan die Volksraad die noodsaaklikheid nie wou erken nie. Die geskiedenis het egter geleer dat die Kommandante-generaal, eers Potgieter en daarna nog in veel groter mate, Pretorius, die enigste gesag was wat werklik iets kon verrig. Hierdie besef van die noodsaaklikheid van ŉ uitvoerende gesag het in die jare na 1852 baie vinnig veld gewen.